**VRAESTEL 2 VRAAG 1** **53 punte**

**Ignoreer belasting**

Jy is ŉ pas gekwalifiseerde GR(SA) en is deur me Samira Kahn GR(SA), die Voorsitter van HlukileWena Bpk ('HW') se Ouditkomitee genader oor finansiële verslagdoenings-aangeleenthede wat met die maatskappy verband hou. Samira het die onderstaande inligting aan jou verstrek:

**Agtergrondinligting**

HW is begin deur ŉ groep jong ambisieuse GRs(SA) en die maatskappy spesialiseer in unieke klerasie vir individue. Die maatskappy is op 1 Januarie 2010 geïnkorporeer en het sedertdien vinnig gegroei. HW het uitgebrei en het nou twee filiale, naamlik Leopard Designs (Edms) Bpk ('Leopard') en Boutique Emporium Bpk ('Boutique') asook ŉ geassosieerde, DLH Bpk. HW het ŉ 31 Desember jaareinde en word op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer.

Die onderstaande is ŉ uittreksel uit die 'meer omtrent ons'-afdeling op die HW-webwerf:

> HlukileWena is ŉ aanlyndiens wat ŉ egte, verpersoonlikte koopervaring net vir jou bied. Voltooi jou Stylprofiel, en ŉ persoonlike modekonsultant sal items met die hand uitsoek om by jou smaak, behoeftes en begroting te pas – en reg voor jou deur aflaai. Elke boks bevat vyf klere-items, skoene en bybehore wat jy by die huis kan aanpas. Hou dié waarvan jy hou en stuur die res binne 30 dae in ŉ voorafbetaalde DLH-pakket terug. Versending en terugsending is gratis – selfs vir omruilings!

Aanvanklik is 50% van die goedere wat na klante versend is, binne 30 dae teruggestuur, maar HW se persoonlike modekonsultant het klante se voorkeure leer ken, wat gedurende die afgelope paar jaar tot ŉ afname in terugsending tot slegs 15% gelei het. Beheer oor goedere wat na klante versend word, gaan op die datum van aflewering oor.

Die maatskappy word deur sowel ekwiteit as skuld befonds. In die lig van HW se huidige uitbreiding, is die skuldfasiliteite van deurslaggewende belang vir die maatskappy se sukses. Sanbo Bank het die skuldfasiliteite op die onderstaande bepalings en voorwaardes verleng:

- Die skuld dra rente teen 9% per jaar, wat HW se inkrementele leenkoers is.
- Die befondsing is voorwaardelik op ŉ enkele leningsooreenkomsvereiste van ŉ skuld : ekwiteit-verhouding van nie meer as 2 : 1 nie. Sanbo Bank het die reg om te vereis dat HW die volle verskuldigde bedrag onmiddellik terugbetaal indien die ooreenkoms verbreek word.
- Skuld word gedefinieer as alle laste wat in die geouditeerde afsonderlike staat van finansiële posisie erken word.

Samira het die onderstaande uittreksels en bykomende inligting uit die konsep gekonsolideerde finansiële state van HW aan jou verstrek:


© SAIGR 2019

## 1 Uittreksels uit HW se konsep gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2018

| **Uittreksel uit die gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2018** | | |
|---|---|---|
| | **2018** | **2017** |
| | **R'000** | **R'000** |
| **Bates** | | |
| Niebedryfsbates | 11 900 | 9 800 |
| Bedryfsbates | 134 000 | 114 000 |
| | 145 900 | 123 800 |
| **Ekwiteit en laste** | | |
| Aandelekapitaal | 4 000 | 4 000 |
| Reserwes | 42 000 | 35 000 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan eienaars van die moedermaatskappy** | 46 000 | 39 000 |
| Niebeherende belange | 3 500 | 3 000 |
| **Totale ekwiteit** | 49 500 | 42 000 |
| | | |
| Niebedryfslaste | 9 700 | 7 600 |
| Bedryfslaste | 86 700 | 74 200 |
| **Laste** | 96 400 | 81 800 |
| | 145 900 | 123 800 |
| | | |

### *1.1 Rekeningkundige beleid – erkenning van inkomste*

Die meting van inkomste uit kontrakte met klante word gebaseer op die vergoeding waarop die entiteit verwag om geregtig te wees in ruil vir die oordrag van die beloofde goedere aan 'n klant. Dit sluit bedrae namens derde partye ingevorder uit. Die groep erken inkomste wanneer die risiko's en voordele wat met 'n produk verband hou, aan 'n klant oorgedra word, wat geag word die datum te wees waarop die produkte aan die klant versend word.

### *1.2 Belange in groepmaatskappye*

| | **Land** | **Aandele-kapitaal** | **HW effektiewe besit** | **Besit van niebehe-rende belange** |
|---|---|---|---|---|
| | | **R'000** | **%** | **%** |
| **Filiale** | | | | |
| Leopard Designs (Edms) Bpk | Suid-Afrika | 1 100 | 100% | – |
| Boutique Emporium Bpk* | Suid-Afrika | 800 | 45% | 55% |
| **Geassosieerde** | | | | |
| DLH Bpk | Suid-Afrika | 2 490 | 21% | n.v.t. |

* HW het dit oorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat die maatskappy Boutique Emporium Bpk beheer.

### *1.3 Verwante partye*

Gedurende elke tydperk gaan die HW-groep, in die gewone verloop van sake, verskeie transaksies met verwante partye op markverwante voorwaardes aan.

| **Geassosieerde** | **Bedrag van transaksies** | **Bedrae verskuldig deur/(aan) verwante party** |
|---|---|---|
| Goedere en dienste van DLH Bpk gekoop | R18 749 000 | (R2 014 000) |

## 2 Bykomende inligting

### *2.1 Gedetailleerde lys van direkteure en aandeelhouers (nie ingesluit in die konsep gekonsolideerde finansiële state nie)*

| | **Aandeelhouers** | **Persentasie gehou** | **Direkteure** |
|---|---|---|---|
| HlukileWena Bpk | GrayAllan | 11% | C Ramoka<br>T Radebe<br>R Ismail<br>CS van Tonder*<br>M Mathebula* |
| | Public Investment Corporation | 9% | |
| | YoungMutual | 5% | |
| | Verskeie beleggers wat almal minder as 1% elk besit | 75% | |
| Leopard Designs (Edms) Bpk | HlukileWena Bpk | 100% | C Ramoka<br>R Ismail<br>M Mathebula* |
| Boutique Emporium Bpk | HlukileWena Bpk | 45% | T Radebe<br>M Mathebula*<br>R Ismail<br>B Suleman* |
| | Verskeie beleggers wat almal minder as 1% elk besit | 55% | |
| DLH Bpk | DLH Europe plc | 79% | C Ramoka<br>D Lange<br>A Klose*<br>A Merkcel* |
| | HlukileWena Bpk | 21% | |
| Retail Investments (Edms) Bpk | HlukileWena Bpk | 19% | V Ismail^<br>J Kotze*<br>L Rokho* |

* Nie-uitvoerende direkteur.
^ V Ismail is die vrou van R Ismail.

### *2.2 Retail Investments (Edms) Bpk*

Die groep het 'n 19%-belang in 'n ongekonsolideerde gestruktureerde entiteit, Retail Investments (Edms) Bpk ('Retail'). Retail word beheer deur V Ismail, wat nie net alle beleggingsbesluite neem nie maar ook besluit hoe wins verdeel moet word.

Die maksimum blootstelling van HW is gelyk aan die drabedrag van sy belegging in Retail. Hierdie belegging is ingesluit by die niebedryfsbatelyn in die staat van finansiële posisie. Die drabedrag van die belegging in Retail was op 31 Desember 2018, R2 miljoen.

HW het gedurende die jaar 'n bedrag van R400 000 by Retail belê, terwyl 'n dividend van R600 000 deur Retail aan HW betaal is.

### *2.3 Ooreenkoms rakende ontwerpersmateriaal*

Die Direksie van HW het gedurende 2016 besluit om werk te maak van 'n voorstel om gespesialiseerde klere van ontwerpersmateriaal in die aanlynwinkel bekend te stel. Die klere sou van materiaal genaamd batik, wat oorspronklik van Ghana kom, gemaak word. Op daardie stadium was batikklerasie nie in Suid-Afrika beskikbaar nie en kon dit nie ingevoer word nie.

Om die verskaffing van batikklere te verseker, het HW op 1 Januarie 2017 'n vyfjaar-verskaffingsooreenkoms met Fabric Management Company ('FMC') aangegaan. FMC is 'n plaaslike filiaal in ooreenstemming met IFRS 10 *Consolidated Financial Statements,* van sy Ghanese moedermaatskappy. FMC spesialiseer in die vervaardiging van batikmateriaal en batikklere en het onlangs die enigste aanleg vir die vervaardiging van batikklere in Suid-Afrika


© SAIGR 2019

voltooi. Dit is die enigste groep maatskappye in die wêreld wat die kennis het om hierdie baie gespesialiseerde produk te lewer. Die aanleg kan 100 000 batikkledingstukke per jaar lewer.

Die voorwaardes van die vyfjaar-verskaffingsooreenkoms sluit die onderstaande in:

1 HW sal elke jaar van die verskaffingsooreenkoms ten minste 90% van die produksie aankoop en het eerste reg om die oorblywende kapasiteit op te neem.
2 FMC word nie toegelaat om sonder die uitdruklike toestemming van HW batikklere vir ander partye as HW te vervaardig nie.
3 FMC moet alle redelike stappe doen om te verseker dat produksie teen die vereiste kapasiteit plaasvind.
4 HW sal op ŉ maandelikse basis die aantal batikkledingstukke wat vervaardig en gelewer moet word, spesifiseer.
5 HW sal die volgende bedrae aan FMC betaal:
   - 5.1 ŉ Bedrag per batikkledingstuk sal gebaseer word op die veranderlike koste van die batikklere-aanleg en ŉ redelike winsmarge.
   - 5.2 HW moet al die vaste koste van die batikklere-aanleg dek, aanvanklik geraam op R150 000 per maand. HW moet die vaste koste elke maand vooruit aan FMC betaal.
   - 5.3 Indien FMC produkte in die batikklere-aanleg vervaardig en aan ander klante verkoop, sal die gedeelte van die vaste koste wat met sodanige werk verband hou, aan die einde van die betrokke jaar aan HW terugbetaal word. Indien 10% van FMC se produksie-uitset byvoorbeeld vir derde partye vervaardig en aan hulle verkoop word, sal FMC aanspreeklik wees vir terugbetaling van 10% van die vaste koste aan HW.

Die Finansiële Direkteur van HW, mnr Tsepo Radebe GR(SA), het die ooreenkoms as aankope van voorraad geklassifiseer. Hy het die rekenmeester opdrag gegee om die maandelikse vaste koste van R150 000 as ŉ produkkoste te erken wat teen die koste van batikklere gedurende daardie maand aangekoop, gekapitaliseer moet word.

Die vraag na batikklere was uitsonderlik hoog en daar was op 31 Desember 2017 of 31 Desember 2018 geen batikklere-items in voorraad nie.

Samira is bekommerd oor die huidige rekeningkundige hantering van die ontwerpersmateriaal-ooreenkoms. Sy het hierdie kommer in 2017 by die Direksie-vergadering waartydens die ooreenkoms aanvanklik bespreek is, genoem. Die Direksie het besluit dat Tsepo die klassifikasie van die ooreenkoms, in die lig van die leningooreenkomste van HW, versigtig moet oorweeg, en indien nodig advies van kundiges inwin.

Toe Samira Tsepo weer in Desember 2018 oor die rekeningkundige hantering van die ooreenkoms genader het, het Tsepo benadruk dat die rekeningkundige hantering korrek was en deur die ouditeure afgeteken is. Hy het verder verklaar dat voorstelle oor soortgelyke ooreenkomste gedurende die volgende finansiële jaar (FJ2019) gemaak sou word om nuwe ontwerpersmateriale, soos kente, in te sluit. Die bedoeling is om ŉ afsonderlike maatskappy (ŉ spesialedoelwitinstrument (SDI) (Eng.: 'special purpose vehicle' (SPV)) vir hierdie ooreenkomste te ontwikkel. Dit sou HW dus nie beïnvloed nie aangesien die SDI nie in die groep se finansiële state gekonsolideer sou word nie. HW sou alle tersaaklike besluite rakende die SDI neem en HW sou die enigste aandeelhouer van die SDI wees. 'Dit sal verseker dat my harde werk uiteindelik in hierdie organisasie erken sal word en dat ek die bonus wat ek verdien, sal ontvang!' het Tsepo bygevoeg.

**Bykomende inligting**

- Die Direksie van HW het ŉ kwantitatiewe wesenlikheidsyfer van R8 miljoen vir sowel 2017 as 2018 vasgestel.
- HW het IFRS 16 *Leases* vroeg aanvaar, met inwerkingtrede op 1 Januarie 2017.
- Neem aan dat FMC nie gedurende 2017 of 2018 produkte vir ander klante vervaardig of aan ander klante verkoop het aan nie.

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 2**

| | | Punte | |
|---|---|---|---|
| | **VRAESTEL 2 VRAAG 1 VERLANG** | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| | Samira het jou gevra om ŉ verslag vir die Ouditkomitee van HW oor die aangeleenthede hieronder op te stel.<br>Ignoreer belasting in alle gevalle.<br>Die onderstaande is van toepassing op dele (a) tot (e):<br>• Rond alle bedrae af tot die naaste rand.<br>• Rond alle verhoudings af tot twee desimale plekke.<br><br>*Kommunikasievaardighede – uitleg en struktuur* | *1* | *1* |
| (a) | Bespreek enige bekommernisse wat jy moontlik het en beveel enige verbeterings aan in verband met die inkomste-erkenningsbeleid wat in aantekening 1.1 uiteengesit is.<br>Daar word nie van jou verlang om ŉ rekeningkundige beleid-aantekening te verstrek nie. | 6 | 6 |
| (b) | Bespreek, met verwysing na IFRS 12, *Disclosure of Interests in Other Entities,* enige bykomende openbaarmakings in HW se gekonsolideerde finansiële state vir FJ2018 wat moontlik vereis kan word in verband met die groep se besluit om Boutique te konsolideer. | 5 | 5 |
| (c) | Bespreek of Retail ŉ verwante party van HW is en verstrek, waar toepaslik, die openbaarmakings wat ingevolge IAS 24 *Related Parties* in HW se gekonsolideerde finansiële state vir FJ2018 vereis word. | 6 | 6 |
| (d) | Met betrekking tot die ontwerpersmateriaal-ooreenkoms –<br>(i) bespreek die klassifikasie van die ontwerpersmateriaal-ooreenkoms ingevolge IFRSs;<br>(ii) bereken, met ondersteunende redes, of ŉ wesenlike vorige-tydperkfout bestaan. Neem in jou berekeninge die uitwerking op elke toepaslike lynitem in ag; en<br>(iii) verstrek die joernaalinskrywings om die ooreenkoms in FJ2018 te verantwoord, met die aanname dat die vorige-tydperkfout reeds reggestel is.<br><br>*Kommunikasievaardighede vir deel (d)(iii) – aanbieding* | 8<br>12<br>6<br><br>*1* | 27 |
| (e) | Bespreek, met betrekking tot die ontwerpersmateriaal-ooreenkoms en die FJ2019 SDI-voorstel, enige etiese bekommernisse wat jy moontlik het met betrekking tot Tsepo se gedrag en beveel stappe aan wat Samira as Voorsitter van die Ouditkomitee moet neem in reaksie op jou bekommernisse. | 8 | 8 |
| **Totaal vir vraag 1** | | | **53** |


© SAIGR 2019